# DIE SKIETLOOD

239e Uitgawe 13 Junie 2025
saam met Koersvas 239

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**

**Teks**

**Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?**

**Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word . Kommentaar:** Deel vier

Wat is sonde in sy wese? Wat is die verskil tussen oersonde (oorspronklike sonde) en erfsonde? Hierdie vraag is deur die eeue op verskillende maniere beantwoord. Daar was teoloë wat enige verbintenis tussen die eerste sonde en ons sondige toestand ontken het. Pelagius se benadering tot sonde sluit sodanige ontkenning in. Pelagius het enige verbintenis tussen Adam en die sonde toestand van opeenvolgende geslagte ontken.

In die vroegste kerk was die teologiese verskille in terme van benadering en resultate reeds sigbaar. Daar was sake waaroor daar konsensus was, maar oor die wese van sonde was daar vroeg na die vaslegging van die Skrif verskille. Daar is selfs in die Bybel nuanses wat in ons oordenking oorweeg moet word.

Tertullianus (Latynse deel van kerk) se argument was dat die hele mensdom potensieel en numeries in Adam teenwoordig was. Die gevolg was dat almal deur die sonde gekorrupteer is toe hy korrup (sondig) geword het.

Origenes (Griekse deel van kerk), deur die Griekse filosofie beïnvloed, het amper geen band gesien tussen oersonde en elkeen se persoonlike sonde nie. Hy was van oortuiging dat die sondige mensdom se oorsprong verbind was aan elke siel se sonde in ‘n voorbestaan oomblik. Die liggaam-siel dualisme van Plato, saam met die gedagte dat die siel in die liggaam inval, het Origenes se denke sterk beïnvloed. Hy het die sonde wel in die siel gesetel (anders as Plato), maar het die sonde oorsprong in die voor tyd van elke mens gaan plaas.

Die Reformatoriese teoloë het aansluiting gevind by die denke van Augustinus en die erfsonde leer by hom aangehaak. Augustinus het die benadering van Tertullianus gedeel. Sy fokus het verskuif na die oordrag van die korrupsie van sonde, met ander woorde die oordrag van gevolge. Sy benadering, vry vertaal, kan

so gestel word: “Die verderf (korrupsie) van die menslike natuur (aard), in alle geslagte, was die geregverdigde straf vir die oortreding van die eerste mens, in wie alle mense reeds bestaan het.”

Die Skolastici het ook by Augustinus aangesluit en die klem laat val op die kontaminasie van die mensdom, eerder as die oordrag van sy skuld. Hierdie onderskeid is van belang; die kontaminasie is wel allesomvattend, maar dit plaas die skuld op elkeen van ons. Adam se skuld is sy eie, so is ook elkeen van ons se skuld ons eie, elkeen staan eendag in eie reg en wese voor die Regter.

Thomas Aquinas se bydrae was dat hy die gedagte van ‘n organisme of onderdeel ingevoeg het. Sy beeldspraak ter illustrasie, was dat dit die hele liggaam is wat sondig wanneer die hand (deel van die liggaam) sondig. Die enkeling is deel van die groter geheel en so deel die groter geheel in die oortreding van die onderdeel.

Calvyn was van oortuiging (in lyn met Tertullianus en Augustinus) dat die mens, deur Adam as eerste mens, deel het aan die verderf en dat volgende geslagte hulle eie skuld én Adam se skuld erf. Hy verwys (Institusie 2,1,5) na Adam wat sy nageslag in dieselfde ellende gedompel het. Wat die vadere erfsonde genoem het, is niks anders nie as erflike verdorwenheid. Erfsonde moet verstaan word as ‘n erflike slegtigheid en verdorwenheid wat deur ons hele wese versprei is (Institusie 2,1,8). Boosheid kom voort uit bederf ((Institusie 4,14,16

Dit is duidelik dat daar geen eenduidige antwoord op die saak is nie. In teenstelling met Pelagius en almal wat sy denke volg, kan ons wel op grond van die Bybel onomwonde stel dat sonde die hele mensdom en menswees deursuur het. 1 Konings 8:46 “ *As hulle teen U sondig— want daar is geen mens wat nie sondig nie*”. Psalm 143:2 “*En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie*.” Jakobus 3:2 “*Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy ‘n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou.* ” 1 Johannes 1:8 “*As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.* ”

Wie is die outeur van die sonde en verderf? Die antwoord is nie in die sterre nie, met ander woorde nie in ons gene voor alle tyd ingegiet en onvermydelik meganies aan die gang nie. Die duiwel is wel die een wat kan toets en terg, kan mislei en verlei. Satan is die aanhitser; die duiwel inspireer, niks anders nie. Die duiwel was wel ongehoorsaam en het die mens daartoe mislei. Die mens moes op die ou einde self die keuse maak. Hierdie

is geen verdediging van Satan nie, net ‘n eerlike plaas van die skuld waar dit hoort. Die mens het geen verontskuldiging nie.

Dan is die vraag of God nie dalk self die outeur van die sonde is nie. Hoe lasterlik so ‘n gedagte ook al mag wees, dit verdien om deeglik weerlê te word.

Het God nie die sonde deur SY wil in die lewe geroep nie? Wie kan die wil van God weerstaan? Soortgelyk – Indien God die mag het om ons te keer van die sonde maar dit nie doen nie, is Hy dan nie per implikasie die outeur van die sonde nie? In antwoord hierop:

God is die Een wat geskep het. Hy het die mens heilig en vol geregtigheid geskep, met eie wil en eie keuse as deel van dit wat die mens heilig en geregtig maak. God se interaksie met die mens weerspieël die karakter en aard wat God aan die mens gegee het. Hy gaan die mens wat Hy geskep het respekteer en toelaat om sy eie heiligheid en geregtigheid uit te leef. Keer God die mens se eie optrede, is dit teken van geen respek en erkenning vir die produk van die skepping nie. God se opdrag impliseer die moontlikheid van ongehoorsaam wees. God is nie die outeur van die sonde nie.

Die Skrif is ook duidelik uitgesproke oor hierdie saak: Esegiël 18:23 “*Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie*.” Psalm 5:4-5 “*Want U is nie ‘n God wat behae het in goddeloosheid nie; die kwaaddoener sal by U nie vertoef nie. Die onsinniges sal voor u oë nie standhou nie; U haat al die werkers van ongeregtigheid..”* God kan nie die outeur wees van dit wat Hy nie verduur of verdra nie. Prediker 7:29 *“Kyk, net dit het ek uitgevind: dat God die mens reg gemaak het, maar hulle het baie slim planne gesoek*.” In die keuse van woorde dui Paulus ook aan dat dit nie logies is om God as outeur van die sonde aan te dui nie; Romeine 3:5 “*Maar as ons ongeregtigheid die geregtigheid van God bewys, wat sal ons sê? Is God wat die toorn oor ons bring, dan nie onregverdig nie? Ek spreek menslikerwys. Nee, stellig nie! Want hoe sal God anders die wêreld oordeel*?”

Op die keper beskou, kan ons die saak so stel: God het Adam goed, regverdig en heilig gemaak. God het aan die mens goeie oordeel gegee en ‘n duidelike opdrag met duidelike gevolge – positief en negatief tot die keuse. Die mens was ten volle toegerus om te kies tussen goed (wees gehoorsaam) en kwaad (eet van die vrug). Die eis was eenvoudig; wees gehoorsaam. Die verleier het die mens beter oor homself laat voel – “*jy het in jou die potensiaal om ‘n god te wees en al wat*

*jy hoef te doen om jou potensiaal te realiseer is om van die verbode vrug van die boom te eet. God is jaloers en wil die enigste God wees, jou minder hou as wat jy kan wees*." Dit het die mens se wil 'n perverse een gemaak. Ongegronde ambisie en die leuen het die mens oor die rand van geregtigheid gelei in die afgrond van dood en oordeel in.

In die hele leuen is die beskuldiging dat God self ook die leuen verkondig het, geïmpliseer. God se regverdige uitspraak is deur die duiwel se woorde verdraai na 'n jaloerse onderdrukking van die mens. Die mens is die outeur van die sonde, hy het die leuen geglo.

In kort kan die erfsonde dan deels as volg opgesom word; erfsonde verwys na die feit dat die hele mensdom in potensiaal teenwoordig was by Adam. Die hele skepping is by die lotgevalle van Adam (en die mensdom) ingesluit. Die mens as heerser oor die skepping kan nie wegkom van hierdie opdrag en verbintenis nie. Adam het in die skepping oortree en dit het die hele skepping deel van die verderf gemaak. Dit is in hierdie skepping waar ons ingebore word. Ons kan nie buite hierdie erflike verdorwenheid gebore word nie.

Sonde sneeubal in gevolge en verdere sonde. Die gevolge van - en straf - vir sonde is in tyd te bespeur, maar loop ook in ewigheid in. 1 Korintiërs 15:33 "*Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes* "

Enige gesprek oor groot en klein sondes is sinneloos in terme van die oordeel van God. Die oersonde is reeds bewys hiervan. Jakobus 2:10 "*Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.*" Tog is daar oortredings wat besonder verwerplik en gruwelik is. Markus 3:28,29 "*Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het; maar wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel—*" Johannes 19:11 "*Jesus antwoord: U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde*." Om Jesus te verloën en sonde teen die Heilige Gees is, voorbeelde hiervan.

In die volgende uitgawe van Die Skietlood kyk ons na Vraag en antwoord 8.